

Tema: Goeie nuus: die profeet van die Here kan weer praat!

Voorlesing: Eseg 24

Verkondiging: Eseg 33:21,22

“Op die vyfde van die tiende maand, in die twaalfde jaar van ons ballingskap, het daar iemand by my aangekom wat uit Jerusalem ontsnap het en vir my gesê: ‘Die stad is ingeneem!’ Die mag van die Here het my in besit geneem die aand voor die ontsnapte gekom het. Die Here het my in staat gestel om weer te praat voordat die man die oggend by my gekom het. Die Here het my in staat gestel om weer te praat, ek was nie meer stom nie.”

Stel jou voor hoe dit moet wees om deel van ‘n gemeente te wees waar die prediker vir drie jaar lank “met stomheid geslaan” is. En dis nie al nie. Die man tree so eienaardig op - toe sy vrou drie jaar gelede skielik gesterf het, het hy nie ‘n traan gestort nie. Hy het nie een van die gewone dinge gedoen wat ‘n mens doen wat rou nie. En dis nie dat hy nie lief was vir haar nie. Sy was vir hom “*die lus van jou (sy) oë*” (Eseg 24:16).

Hoekom laat die Here hom so snaaks optree? Die Here het van hom ‘n voorbeeld gemaak vir die gemeente wat in ballingskap is. Net soos wat Esegïël se pragtige vrou skielik van hom deur die dood weggeneem is, so sal Jerusalem en die pragtige Tempel daarbinne verwoes word. Die dag as dit gebeur sal die ballinge ook nie uiterlik treur soos wat Esegïël ook nie uiterlik oor sy vrou getreur het nie.

Hoekom sal hulle nie uiterlik treur nie? Daar is ‘n droefheid wat dieper gaan as trane, ‘n droefheid wat jou laat kreun en wegteer (Eseg 24:23b). Dis ‘n droefheid wat jou tong aan jou verhemelte laat vassit, dit laat jou sprakeloos. Die Here het besluit om ook hierdie diepste van droefhede oor sy volk te bring. Vir drie jaar lank het hulle die geleentheid gehad om hulle hierop voor te berei.

Hulle ontvang die doodsberig van Jerusalem van ‘n boodskapper. Gaan die Here hulle nou in hulle sprakelose droefheid alleen laat? Nee! Die profeet kan weer praat! Hy is gereed om hulle te vertroos en versterk met die Here se Woord. Hy gaan vir hulle die versekering gee van God se plan van redding en heropbou wat nou gaan volg. Dit sal wees soos lewe uit die dood. En Hy doen dit alles ter wille van die eer van sy Heilige Naam.

Die vraag is: Gaan die ballinge nou luister en glo?

Die beter vraag is: Hoe raak dit ons?

- Is daar by ons diepe, stomgeslane droefheid oor die vervalde toestand van die geestelike Tempel van God, sy kerk, waarvoor Jesus Christus sy lewe gegee het?
- Moet die Woord van God eers heeltemal stil word, voordat ons tot besinning en bekering kom?
- Gryp ons die geleentheid aan om die Woord te bring en te hoor solank dit nog gebring en gehoor kan word?